Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS NET MY BESTE

11 Oktober 2024 Uitgawe: 2/4/2024

# UIT DIE KANTOOR

**Akademie:**

Baie geluk aan al ons akademiese presteerders wat tydens Maandag se saalopening erkenning ontvang het. Die leerders het almal hard gewerk verlede kwartaal en die resultate was oor die algemeen baie goed. Ons is voorwaar trots op elke leerder wat NET SY BESTE gegee het.

Die eksamen begin presies oor 'n maand op 11 November en daar is baie akademiese werk wat nog gedoen moet word. Die leerders, veral die Gr. 7's, sal ervaar dat hul meer huiswerk as normaalweg kry. Dit is juis om al die werk af te handel in die komende paar weke voordat hul op hul afskeidstoer vertrek. Ons vra dat ouers die onderwysers sal help om toe te sien dat ons kinders volhard en getrou sal werk om die jaar op 'n hoogtepunt af te sluit.

**Sportterrein:**

Die ontwikkeling van die nuwe sportterrein is goed op dreef en die vordering kan elke dag gesien word. As gevolg van al die grondverskuiwings, is die huidige oefen- en speelareas beperk. Die buitemuurse rooster moes as gevolg hiervan so bietjie aangepas word om almal 'n spasie te gee om te oefen. Ons vra asb. geduld hiermee. (Nuwe rooster hierby aangeheg)

Gaan loer gerus op ons Facebookblad na die nuutse foto's en vordering.

**Prysuitdeling: (Herhaal)**
Soos in verlede week se uitgawe genoem, trek ons vanjaar 'n nuwe baadjie aan vir hierdie geleentheid. Dit vind vanjaar oor drie aande plaas. Ons het agtergekom dat tydens so 'n geleentheid die aande baie lank kan raak en dat daar tydens ons spesiale toekennings baie min mense nog in die saal is. Daarom vind die prysuitdelings soos volg plaas:

| | |
|---|---|
| Maaandag, 4 November: | Voortrekker Prysuitdeling |
| Dinsdag, 5 November: | Gr. 4/5 Prysuitdeling |
| Woensdag, 6 November: | Gr. 6/7 Prysuitdeling |
| Donderdag, 7 November: | Grondslagfase Prysuitdeling |

Hiermee wil ons poog om te sien of die programme nie reeds teen 20:00 afgehandel kan wees nie.

**Begrotingsvergadering:**

Kennis geskied hiermee van ‘n belangrike begrotingsvergadering wat gaan plaasvind op Dinsdag, 12 November 2024 in die skool se ouditorium. Die 2025 begroting word voorgelê asook die skoolgeld verhoging vir 2025. Die Wet bepaal dat die begroting tydens ‘n amptelike vergadering met ouers van die skool hanteer en goedgekeur moet word. U teenwoordigheid sal dus hierdie proses bespoedig. Die vergadering begin stiptelik om 17:30. Sien ook aangehegte skrywe.

## ANDER


Ons is besonders trots op ons Tjokkie-leerders, veral wanneer hulle presteer in hul verskillende areas van belangstelling. Ongelukkig kan ons nie alle prestasies op sosiale media platforms plaas nie. Ter wille van duidelikheid, heg ek die beleid aan rakende die hantering en plasing van prestasies by Tjokkies.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 11/12 Okt.: | Strategiese beplanning (Onderwysers en Beheerliggaam) |
| 12 Okt.: | GSF en Senior Kooroptredes (Oorlogsmuseum) |
| 14 Okt.: | BL. Begrotingsvergadering |
| | o/9 Krieketligas (sien bepalings) |
| | o/11 Tennisliga vs OMS 2 & WP (dogters) |
| 15 Okt.: | Unisa Teorie Eksamens |
| | Gr. 1 (2025) Ouer-inligtingsaand |
| | o/11 Krieketliga (sien bepalings) |
| 16 Okt.: | Unisa Teorie Eksamens |
| | o/11 Tennisliga vs Grey 2 (seuns) |
| 17 Okt.: | Departement Gesondheid – Gr. 5 Immuniserings |
| | o/13 Krieketliga (sien bepalings) |
| | Donkey Derby – Goose Hill |
| 18 Okt.: | Pom-Pom en Ritmegroep optredes (FP Opelug Revuefees) |

# VERJAARSDAE

Geen



# AKADEMIE

Baie geluk aan die top 10 akademiese presteerders in elke graad:

**Graad 4**

Katelyn Mackenzie
Azaleigha Pelser
Carli Fourie
Dawid Kriel
Quinn du Plessis
Alida van der Lingen
Janré Slabbert
Tristan Stone
Sané Saayman
Eulinke Langenhoven

**Graad 5**

Lia Janse van Rensburg
Nelinke Verreyne
Minke Steyn
Olivia Grobler
Larah Smith
CP Wolhuter
Li-Zé Pieterse
Mia Pienaar
SJ Kruger
Wian Pieters

**Graad 6**

Liana van Niekerk
Cobus de Witt
Marizé Opperman
Cayla Rossouw
Danika Beukes
Luan Landman
Cailyn de Kock
Ruan Buys
Jadon Jordaan
Nicolas Maree
Anika Malan

**Graad 7**

Marla Kruger
Andries Strauss
Tehila de Bruyn
Carla van Niekerk
Velé Langenhoven
Werné Vermaak
Isabella Kruger
Michelle Smith
Henro Loubser
Jay le Roux



# VAN DIE MAMMAS WAT BID


Hy moet sê: 'Luister na my, Israeliete! Julle staan op die punt om teen 'n vyand te gaan veg. Moenie bang wees nie. Moenie paniekbevange rondkyk wie julle sal help nie. Moenie vir julle vyand skrik nie. Die Here julle God gaan saam met julle! Hy is tussen julle. Hy sal vir julle teen julle vyande baklei. Hy sal vir julle die oorwinning gee.' Deuteronomium 20:3-4

Dankie Vader dat die oorwinning aan U behoort en dat U wil vir ons lewens altyd goed is.

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Laaste dag van bespreking is Maandag, 14 Oktober.

Kom speel saam!



# GEMEENSKAPSPROJEK





# SWEM

Baie dankie aan die volgende borge vir hul bydraes tot die swemhanddoeke:


Hannelie Liebenberg (First Technology)

Barno Aucamp (Auto Magic Bloemfontein)

Johan Botha (Karan Beef)




Checkers
Little SHOP GOES XTRA
Collect, Swop, Play
Get a free mini with every R200 you spend when you swipe your Xtra Savings card.
Ts&Cs apply, while stocks last. Maximum 10 minis per transaction.
SPAAR 33%
42.99
Selati
SUGAR
2 kg
SPAAR 23%
29.99
Fruit Cocktail
Pure Refresh 100% Vrugtesap-mengsel Alle Variante
HUGGIES
dry comfort
SAVE R20
199.99 per pack
HUGGIES gold
pants
Huggies Dry Comfort Jumbo Pack/ Gold Nappies/ Pants Value Pack
SAVE R45
139.99
JACOBS
Jacobs Krönung/ Gold/Latin America/Southeast Asia Instant Coffee All Variants
Toilet Rolls
SAVE R10
119.99
Housebrand 2-Ply Toilet Rolls
WIN
64.99 per kg
Farmer's Choice Fresh Chicken Braai Pack
FRESH
CHICKEN
Checkers
better and better
Checkers Hyper


Kia Sonet
The best just got better.
0% Deposit, 0% Balloon from
R 4 699pm
On a step payment plan
Ts & Cs apply. E & OE.
Kia Bloemfontein
52 Zastron Street
051 403 4200


VOLVO
Experience the power of innovation
in the new Volvo XC40 Mild Hybrid
and get R40 000 assistance
Volvo Cars, 52 Zastron St,Bloemfontein Central, Bloemfontein, 9301, Free State | 051 403 4200
www.bloemfontein.volvocars.co.za









Ekstra vertonings ingewerk op 7 November 2024.

# WIL JOU KIND BOER?



Be Human Middelwater in samewerking met Childline Vrystaat en Solidariteit Helpende Hand Vrystaat-streek nooi jou hartlik uit om deel te word van 'n opwindende gemeenskaps-groentetuin-projek.

childline South Africa FREE STATE 116

Be HUMAN

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND VRYSTAAT STREEK

**Wat dit behels:** Leerders word uitgenooi om verantwoordelikheid te neem vir 'n stukkie grond en hulle eie klein plasie te begin by Be Human Middelwater. Hulle kan groente of kruie plant of selfs 'n hoender- of varkplasie begin.

Ontwikkelingsprogramme sal aangebied word, insluitend oor vaardighede om 'n groentetuin te begin en te onderhou, entrepreneursvaardighede, die saamstel van 'n begroting en handvaardighede.

**Kostes:** Die grond, water en toerusting word gratis beskikbaar gestel. Jy sal verantwoordelik wees om jou plasie te onderhou. Die opbrengs sal soos volg verdeel word: 1/3 is vir jou en jou gesin se gebruik, 1/3 kan verkoop word en 1/3 word geskenk aan begunstigdes in die gemeenskap.

Terwyl jy op jou plasie werk, kan die hele gesin kom tyd spandeer by Be Human Middelwater.

Kontak gerus vir Marlize by 079 515 3234 of Chantell by 076 984 9598 vir meer inligting.